Skriflesing: 1 Petrus 1: 3 - 9
Teks: 1 Petrus 1: 6, 8 en 9
Tema: Vervul elke dag jou taak as vreemdeling met God se vreugde in jou reistas.

Vooraf sang
Lied 184: 1, 2, 4
Lied 203: 1, 2 3

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Ps 95-1: 1
Votum
Seën
Loflied Ps 150-1: 1, 2
Geloofsbelydenis sing: Sb 12-3: 1, 2 en Sb 12-5: 1 en Sb 8-3: 1

Verootmoedigingsdiens
Wet uit Spreuke
Sing Ps 19-3: 3
Gebed

Woorddiens
Skriflesing
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Sing staande in antwoord op die Woord: Sb 1-1: 1, 3
Liefdegawes
Gebed vir BnB;
Sing Ps 33-2: 7
Seën
Amenlied Sb 13-2.

Geliefde brs. en srs. en kinders

Ons het verlede Sondag gehoor dat ons as vreemdelinge heilig in hierdie wêreld moet leef. Ons het gehoor hoe vreemd het die wêreld vir ons geword en dat ons eintlik nie hier meer tuis voel nie. 2 Tim 3: 12 en 13 leer ons ook dat ons as gelowiges vervolg sal word en dat hierdie vervolging in intensiteit sal toeneem. Dit begin ons toenemend beleef.

Hierdie toenemende vreemdelingskap kan ook ons lewensvreugde laat kwyn of afneem! Die gedagte aan ons vreemdelingskap en alles wat dit vir ons hier sleg en uitdagend maak, kan maklik ons vreugde steel. Dat ons net fokus op wat sleg is en nie meer die raaksien wat God vir ons gegee het nie.

Daarom dat die Here dadelik deur Petrus vir ons in die volgende verse wys en leer dat ons juis nie mag toelaat dat die wêreld met sy teenstand en vervolging ons vreugde as God se kinders mag steel nie! Inteendeel: Die Here roep ons op om juis ons vreugde in die Here elke dag uit te leef!

Daarom is die roepstem van die Here vanmore: Vervul elke dag jou taak as vreemdeling met God se vreugde in jou reistas. Sommer kort gesê in die woorde van ons teksverse: Leef met onuitspreeklike en heerlike blydskap in die Here!

Br. en srs. en kinders, die Here het ons nie in hierdie vreemde wêreld gestuur sonder die nodige toerusting nie. Hy het vir ons 7 kragtige waarhede in ons reistas gepak waarmee ons elke dag ons vreugde kan uitleef.

Die kinders wat verlede Sondag hier was sal onthou dat ons gesê het ʼn “vreemdeling” is soos iemand van ʼn ander land, sê bv. Engeland, wat hier in ons land bly. Suid-Afrika is nie sy eie land nie, hy behoort eintlik in Engeland en is net op reis deur SA.
So is ons as gelowiges ook op aarde. Ons is eintlik van ʼn ander land en daardie land noem die Bybel: die koninkryk van God! Ons is daarom eintlik net op reis in hierdie wêreld, as burgers van God se koninkryk en op pad na die volledige koms van daardie koninkryk wanneer Jesus weer kom!
En die Here het vir ons vir hierdie reis deur die vreemde wêreld ʼn tas gepak met alles wat ons nodig gaan hê – veral om as vreemdelinge altyd bly te kan wees! Om ons taak met vreugde te kan vervul. (metafoor vir kinders: tas pak vir vakansie)

Kom ons maak ons reistas oop en kyk wat het God vir ons daarin gepak! (hou sommer jou Bybel byderhand en merk dit daar om te onthou)

1. Die eerste wat God vir ons ingepak het, is sy uitverkiesende liefde en genade
Petrus begin sommer met ʼn lofsang in vers 3 as hy dink aan God se “groot ontferming”. Brs. en srs., ons God is ʼn liefdevolle en genadige God wat ons uitgekies het en sy kinders gemaak het! Ons is Goddank nie meer burgers van hierdie sondige wêreld nie! Ons leef nie meer vasgevang in die sonde en verlorenheid van die wêreld nie! Nee, God het ons sy

liefde en genade bewys! Ons kan dit juis met vreugde elke dag uitlewe tussen mense wat God nie so ken nie – sodat God ook hulle kan red!
Brs. en srs., is hierdie groot uitverkiesende liefde en genade van God nog vir jou elke dag ŉ bron van verwondering en blydskap! Dat die Here my en jou so liefhet en gered het? Fokus op God en sy liefde en genade as die wêreld vir jou ŉ koue en liefdelose plek geword het en jy sal weer bly kan wees!

2. Die tweede wat God vir ons ingepak het, is ŉ nuwe lewe in Christus!
Petrus sê dat daardie Sondagmore toe Jesus uit die dood opgestaan het en weer lewend geword het, het ons ook deel gekry aan die nuwe lewe wat Hy bewerk het! Dit beteken dat ons nou werklik verstaan waaroor die lewe gaan! Dit gaan nie om alles wat die wêreld ons kan bied nie, maar om wat Christus ons bied – die ewige lewe!

Mense van hierdie wêreld soek hulle geluk in geld en materiële dinge! Hulle word gevange gehou deur die mag van sonde om te dink dat ware geluk lê in aardse dinge! Hulle soek dit elke dag maar vind dit nie en is dan diep ongelukkig! Hulle bly slawe van die sonde en daarom ook sonder ware blydskap.

Ons weet dat ware geluk in Christus lê en daarom soek ons Hom elke dag! Ons vreugde lê in die wete dat ons die ware lewe ontvang het en ken! Ons Here Jesus Christus is ons vreugde – om Hom te ken en te dien oortref alles in waarde herinner Paulus ons!

3. Die derde waarheid wat God vir ons ingepak het om ons bly te maak is die hoop wat ons het op die ewige lewe!
Mense van hierdie wêreld het niks om na uit te sien nie! Hulle dink dat alles maar net om hierdie aardse bestaan gaan en lewe daarom net vir vandag! Ons weet egter van ŉ wonderlike erfporsie wat God vir ons as sy kinders gereed gemaak het. Petrus sê hierdie erfporsie is die ewige lewe en dit vergaan nie, dit is onbesmet en dit heerlike skyn daarvan taan nooit nie!
Kom ons help gou ons kinders met hierdie 3 groot woorde: die lewe na die dood is:
a) onverganklik. Dit beteken: anders as alles in hierdie wêreld wat oud word en doodgaan, is ons lewe by die Here ŉ lewe waar ons nooit oud word, siek word of doodgaan nie. Die nuwe aarde wat God gaan skep gaan nie soos hierdie een agteruitgaan en verniel nie! Nee, alles bly altyd jong en nuut en volmaak!

b) die lewe by God is onbesmet! Dit beteken daar is geen sonde nie! Dit is rein en skoon. Anders as wat ons hier die verskriklike dinge sien wat sonde doen, soos haat, woede, seerkry, moord en vernedering, swaarkry en siekte, is die lewe by God sonder enige sonde wat dit vir ons sleg maak! Daar gaan ons net goeie dinge sien en beleef!

c) Die lewe by God se glans of heerlikheid verdwyn nie! Die woord wat hier met verwelk vertaal word, beteken eintlik dat iets se heerlik weggaan! En so gaan dit nie in die lewe by God wees nie! God is die heerlikheid en sy heerlikheid word nooit minder nie – maar meer! ŉ Mens sou kon sê: God se mooiheid is soos ŉ pragtige roos wat nooit lelik word en doodgaan nie, maar is ŉ roos wat net altyd mooier en mooier word!

Brs. en srs., wat ŉ vreugde om dit nou reeds te weet midde die verganklike, besmette en verlepte wêreld waarbinne ons nou moet lewe. Onthou: dit gaan nie altyd bly nie! Ons is op reis hierdeur en die sekere wete dat ons daardie wonderlike lewe by God ge-erf het – dit maak ons elke dag bly!

Geliefdes, die vraag is: leef ons nog elke dag hoopvol op hierdie lewe by God! Of het ons bestaan ook net begin draai om vandag en wat ons vandag nodig het! Het ons nog ŉ lewende hoop op die ewige lewe! Miskien is dit ŉ rede waarom ons vreugde beroof word.

4. God het vir ons sy krag in gepak!
Geliefdes, wat ŉ geweldige troos vir ons wat so gou moeg en moedeloos word! In vers 5 sê Petrus dat ons wat glo wat deur God se krag bewaar tot die einde toe! Ons kan dus eintlik nooit moeg word nie! Ons kan nooit uitsak of gaan lê nie – want God self dra ons deur sy krag! Dit is tog duidelik ŉ verwysing na die Heilige Gees wat God aan ons gegee het om ons te vervul sodat ons in sy krag kan lewe! Wat ŉ heerlike bron van vreugde! Dat ons ŉ kragbron het wat nooit uitgeput kan raak nie! Dit is wat God vir ons ingepak het!

Kom ons leef dan elke dag uit God se krag! Bid en soek die Here en sy groot mag in jou lewe en jy sal dit ontvang!

5. Die vyfde waarheid wat God vir ons ingepak het, is dat ons beproef gaan word.
Ja, vers 6 leer ons dat die Here ook vir ons beproewinge ingepak het! Moet ons dan nou hieroor bly wees? Ja, want dit beteken dat Hy ons geloof waardig ag om te toets! Die Here is nie die oorsaak van ons beproewinge nie, maar Hy gebruik dit juis om die kwaliteit van ons geloof te toets.

Dit is egter ook meer as ŉ kwaliteitstoets – dit is ŉ manier waarop die Here my geloof suiwer van alle sonde en my sterk maak vir elke dag se reis! Hoor wat sê Paulus hieroor:
[2]Deur Hom het ons in die geloof ook die vrye toegang verkry tot hierdie genade waarin ons nou vasstaan. En ons verheug ons ook in die hoop om deel te hê aan die heerlikheid van God. [3]Dit is egter nie al nie. Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, [4]en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop; [5]en dié hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het.

Ja, brs. en srs., so groot is God dat selfs swaarkry iets word om oor bly te wees! Kom ons leer om dit ook te leef wanneer beproewinge oor ons pad kom!

6. God het vir ons ŉ lewende verhouding met Christus ingepak! Kyk verse 8 – 9
Ja, ŉ daaglikse lewe met Christus is ook ŉ bron van vreugde! Christus brs. en srs., is nie maar net Iemand wat eendag, lank-lank gelede vir my aan ŉ kruis gesterf het nie en nou weg is en eendag weer gaan terugkom nie!

Hy is ook nou my Here en my Koning onder wie se regering ek elke dag leef! Christus is nou ons lewe! Daarom het ons Hom lief en al sien ons Hom nie nou nie – leef ons gehoorsaam onder sy regering en verwag ons ook dat Hy weer gaan kom! Ons weet dat Jesus gaan kom om ons van hierdie vreemde wêreld te kom bevry! Maar nou – terwyl ons nog op reis is, is Hy ons krag en vreugde!

Is ek en jy waarlik lief vir Jesus? Leef ons elke dag asof ons sy liefde ken en daarin wil lewe? Kry jy ook seer en skaam as jy Hom te na kom? Het jy ook in jou hart die begeerte om jou liefde elke dag meer en meer aan Hom te bewys! Wie so lewe het ware blydskap!

7. Die sewende wonderlike waarheid wat God vir ons ingepak het, is geloofsekerheid!
Ons kan hierdie amper die geskenkpapier noem waarmee God alles wat Hy vir ons ingepak het, mee toegedraai het: dat ons die sekerheid het dat al hierdie dinge waar is! Vers 9 stel dit baie duidelik: ons het nou reeds deel aan alles wat God vir ons belowe het! Ons leef dus nie net vir die dag as die Here kom nie! Ons leef elke dag asof die Here reeds gekom het! Asof ons alreeds al hierdie dinge volledig besit! Want in wese is dit waar en daarom kan Petrus nie anders as om weer met ŉ lofsang af te sluit nie!

Hy sê: al hierdie waarhede wat God vir ons ingepak het, vervul ons met ŉ “onuitspreeklike en heerlike blydskap”! “Onuitspreeklik”! Wanneer is ŉ mens sprakeloos? Wanneer jy iets sien of beleef wat jou stom slaan! Dit is so groot en oorweldigend dat jy nie woorde het nie! Dit, brs. en srs., is die vreugde wat God vir ons ingepak het om elke dag mee te leef!

Kom ons staan dan vanmore en elke dag so stom voor ons groot en liefdevolle God wat hierdie dinge vir ons gegee het, sodat ons regtig bly kan wees – al is die wêreld hoe vreemd en sleg!

ŉ Heerlike blydskap! Ja, iets wat ons kan geniet! Iets wat ons reis deur hierdie vreemde wêreld ook ŉ heerlike ervaring maak! Wat is nou lekkerder om in ŉ vreemde land te reis maar te weet ek het alles in my reistas wat ek gaan nodig kry! Daar is niks waarvoor ek bang hoef te wees nie! Daar is niks wat ek gaan nodig kry nie! Ek weet presies hoe en waar om te gaan en ek weet dat ek die einde van my reis gaan bereik!

Reisigers met sulke tasse kan die reis geniet! Maak net elke dag jou tas oop en kyk wat het God vir jou ingepak! Vervul dan jou roeping as vreemdeling met groot vreugde! Wees bly oor elke dag wat God jou gee – want dit is nog ŉ geleentheid om in Hom bly te wees.

Amen